Teksgedeelte: Eksodus 30:17-21 en 38:8

Tema: Leef in die teenwoordigheid van God deur Jesus Christus, die volmaakte Paaslam en Hoëpriester!

Wanneer ons sekere gedeeltes in die Ou Testament lees, is dit dikwels moeilik om te verstaan wat hierdie gedeelte vandag vir ons kan beteken. Dit is veral só wanneer ons na baie van die wette en die seremonies luister en wanneer jy nog deel van die jonger, meer visuele geslag is, is dit selfs nog moeiliker. Dit is moeilik om soms `n prentjie te vorm van hoe byvoorbeeld die tabernakel gelyk het en waar alles gestaan het, wat die doel van elke stuk gereedskap was en hoekom dit juis nou hier of daar moes staan.

Een van hierdie stukke gereedskap was die bronswaskom. Hierdie massiewe bak wat water moes in hê en wat deur die priesters gebruik moes word om hulleself mee skoon te maak nadat hulle `n offer aan die Here gebring het en voordat hulle in die tabernakel moes ingaan. In die tabernakel was daar die wierookaltaar, die offerbrood, die staanlamp en dan natuur die Allerheiligste.

Ons lees in Eksodus 30 dat die priesters, dit is nou Aäron en sy seuns, hulle met hierdie water moes was voordat hulle `n offer bring en voordat hulle in die teenwoordigheid van die Here in die tabernakel moes ingaan. Die rede hiervoor was dat die priesters onrein was indien hulle van die volk af by die tabernakel aangekom het, omdat die volk vol sonde was.

En omdat die volk vol sonde was en die priesters só met die sonde van die volk in kontak was, was hulle ook onrein en moes hulle hulle eers reinig voor hulle vir die volk by God kon intree. Aan die ander kant was hulle weer vol roet en stof en hulle was vuil nadat hulle op die altaar `n offer aan die Here gebring het. Hulle moes dus die stof, roet en vuilheid van die offer, wat aan hulle vasgesit het, eers afwas voordat hulle in die teenwoordigheid van die Here kon ingaan. Want sien, selfs die as en roet van die sondeoffers was te onrein en vol sonde om in die teenwoordheid van die Here te wees! Daarom is dit so besonders dat hierdie bronswaskom van die bronsspieëls gemaak was, want só kon hulle die vuilheid aan hulle hande en gesigte sien en dit afwas.

Dus: nadat die offer gebring was, moes die priesters eers hulleself skoonmaak voordat hulle in die teenwoordigheid van God kon ingaan. Kom ek stel dit in die taal

van die heilsorde en die Nuwe Testament: nadat bekering en regverdigmaking plaasgevind het, moes daar is heiligmaking wees voordat die priesters die heerlikheid van God se teenwoordigheid kon beleef.

Wanneer ons hierdie prentjie in ons koppe klaar gevorm het oor hoe die verskillende voorwerpe by die tabernakel gelyk het, waar elkeen gestaan en wat die doel van elkeen was, is die volgende vraag wat ons gewoontlik vra: “Hoekom het dit só gelyk? Wat was die groter doel agter dit?” Vir hierdie antwoord is dit nodig om na Hebreërs 8 en 9 toe te blaai. Hier hoor ons die volgende:

“Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: ‘Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het...Die aardse afbeeldings van die hemelse dinge moes dus noodwendig deur hierdie middele gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Christus het nie ingegaan in `n heiligdom wat deur mense gemaak is en net `n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn...”

In ander woorde gestel, die tabernakel van die Ou Testament en al die instrumente en voorskrifte wat daarmee saam gegaan het, het eerstens vooruit gekyk na wat Jesus Christus sou kom doen en tweedens kyk dit nogsteeds vooruit na dit wat ons gaan beleef wanneer Jesus Christus weer kom. So, dit is in Jesus Christus wat ons die ware betekenis van die bronswaskom vind.

Wanneer ons met hierdie perspektief hierna kyk, word `n paar geloofsake vir ons baie duidelik. Aan die eenkant het ons die sondeoffer gehad en aan die ander kant die teenwoordigheid van God wat beleef word in die tabernakel. Tussen hulle het die waskom gestaan.

Christus is die laaste, volmaakte sondeoffer wat vir ons gebring moes word om ons weer in `n verhouding met God te bring. Ons kan sê dat Christus die volmaakte Paaslam was wat ons sondes weggeneem het. Die skrywer van Hebreërs sê dit só: *“So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.”*

Christus is egter ook ons Hoëpriester wat klaar die sondeoffer gebring het en wat reeds in die teenwoordigheid van die Vader ingegaan het met sy hemelvaart. Dit is daar, in die teenwoordigheid van God, waar Hy vir ons intree in gebed en waar Hy vir ons pleit. Dit is daar waar ons nou reeds, deur Jesus Christus, die teenwoordigheid van God kan beleef deurdat Christus nie net in die hemel is nie, maar ook in ons is! Só bring Hy die teenwoordigheid van ons Vader, deur die Heilige Gees, na ons toe.

Tussen die finale, groot offer wat Christus gebring het en die teenwoordigheid van God wat ons deur Jesus Christus en die Heilige Gees beleef, vind ons ons heiligmaking. Daar vind ons die plek waar ons sondes deur die Heilige Gees

afgewas word en waar ons deur die Heilige Gees beseël word as die eiendom van God. Dit is daar waar ons skoon, sonder enige vuilheid `n lewe in die teenwoordigheid van God kan leef.

Daarom kan ons nou in die teenwoordheid van God lewe, want die skeiding wat die sonde gemaak het, is weg geneem! Ons het nie meer nodig om ons in `n waskom te was om voor God skoon te wees nie. Ons is reeds skoon gewas deur die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees oortuig ons daarvan. Daarom kan ons weet dat ons elke dag in die teenwoordigheid van God lewe.

Dit is egter juis om hierdie rede dat ons elke dag heilig en rein moet lewe. Dit is juis omdat ons klaar rein gewas is, wat ons ons lewe rein moet hou deur te lewe soos Christus gelewe het. Reeds in die Ou Testament het God vir die volk die opdrag gegee dat hulle heilig moet wees omdat Hy heilig is. Hoeveel te meer moet hierdie opdrag dan nie vir ons staan nie?! Ons wat in Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees die volle betekenis van heiligheid ontvang het deurdat ons sondes afgewas is?!

Mag elkeen van ons hierdie opdrag nie net ter harte neem nie, maar mag dit hande en voete in ons lewe kry! God het vir ons deur Jesus Christus die geleentheid gegee om in sy teenwoordigheid te lewe deurdat Jesus Christus die volmaakte Paaslam en die volmaakte Hoëpriester is. Gebruik dan hierdie wonderlike genade van die Here om jou dankbaarheid te bewys!

Amen